higher education
& training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT

# REISKANTOORPROSEDURES N5

(4021165)

**22 Oktober 2020 (X-vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.**

298Q1B2022

Kopiereg voorbehou

# DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
# REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
REISKANTOORPROSEDURES N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord al die vrae.

2. Lees al die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Maak gebruik van die ANTWOORDBOEK om die vraestel te beantwoord.

5. Skryf jou EKSAMENNOMMER op die dekblad van die ANTWOORDBOEK in die ruimte wat daarvoor voorsien word.

6. Geen punte sal toegeken word vir antwoorde wat in potlood geskryf is nie.

7. Die vraestel bestaan uit TWEE afdelings:
   Afdeling A: Finansiële rekordhouding
   Afdeling B: Beginsels van Suid-Afrikaanse reg

8. Skryf netjies en leesbaar.

---

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A: FINANSIËLE REKORDHOUDING

### VRAAG 1

Die volgende transaksies het in die boeke van FANCY FLIGHTS plaasgevind vir Januarie 2020. Jy word gevra om die volgende joernale te voltooi, maar nie af te sluit nie:

1.1 Kontantontvangstejoernaal met addisionele kolomme vir Debiteure, Krediteure en Kommissie Ontvang. (Begin met kwitansie nommer 243) (Deponeer geld daagliks) (17)

1.2 Kontantbetalingsjoernaal met addisionele kolomme vir Toerusting, Krediteure en Lone. (Begin met tjeknommer Y445) (16)

1.3 Debiteurejoernaal met kolomme vir Debiteure, Kommissie Ontvang en Krediteure. (Begin met faktuur nommer 88) (6)

1.4 Krediteurejoernaal met addisionele kolomme vir Verversings en Skryfbehoeftes. (Hernommer fakture vanaf 52) (6)

INLIGTING:

- Die volgende kommissiestruktuur word vir kontant- en kredriettransaksies gebruik:

| | |
|---|---|
| Internasionale vliegkaartjies | 9% |
| Binnelandse vliegkaartjies | 7% |
| Reisversekering | 5% |
| Toere, bus, spoorvervoer, akkommodasie | 10% |
| Motorhuur | 15% |

- Die volgende is saldo's op 1 Januarie 2020:

| DEBITEURE | | KREDITEURE | |
|---|---|---|---|
| *GEMS | R88 600 | *SAL | R34 000 |
| *Kyle Construction | R23 000 | *AVIS | R22 000 |
| *TT Training | R48 500 | | |

Transaksies vir Januarie 2020:

| DATUM | TRANSAKSIE |
|---|---|
| 1 | Ontvang 'n faktuur van Furnicraft vir nuwe stoele (R5 500) en 'n nuwe drukker (R7 200). |
| 1 | Die eienaar, V Selani, het haar kapitaalbydrae met R40 000 verhoog. |
| 1 | Ontvang 'n tjek van GEMS vir 50% van hul uitstaande rekening. |
| 4 | Betaal Telkom per tjek vir die besigheidstelefoon, R3 500. |
| 4 | Reik 'n faktuur uit aan Kyle Construction vir retoervlugte vir twee van hul direkteure op SAL SAA, ORT – BFN – ORT. R3 450 per kaartjie. |
| 9 | Ontvang 'n kredietkaartbetaling van W. Pillay vir motorhuur deur Budget, 5 dae teen R295 per dag. |
| 10 | Wissel 'n tjek vir kleinkas (R1 500) en lone (R3 500). |
| 10 | Koop skryfbehoeftes op krediet by CNA, ontvang die faktuur vir R2 500. |
| 15 | Die eienaar neem 'n besigheidstjek van R1 300 om te betaal vir herstelwerk aan haar motor. |
| 19 | Verkoop 'n toer na Turkye van Escape Tours aan mnr Smith en sy vrou. R23 000 per persoon. Ons het sy tjek ontvang. |
| 20 | L. Messi bespreek 'n kaartjie na Argentinië op SAL. Reik 'n faktuur uit van R10 700. |
| 25 | Die bank stuur mnr Smith se tjek terug weens onvoldoende fondse. Sien 19 Januarie. |
| 25 | Trek 'n tjek om die weekliks elone te betaal, R3 500. |
| 26 | Betaal Furnicraft vir die totale faktuur op 1 Januarie ontvang. |
| 28 | Ontvang 'n kontantbetaling van R1 500 van C. Ronaldo vir 'n eenrigtingbuskaartjie op Greyhound, Port Elizabeth na Durban. |
| 30 | Reik 'n tjek uit aan Incredible Connection vir 'n nuwe skootrekenaar en drukker – R42 000. |
| 31 | Betaal AVIS die verskuldigde bedrag. |

**[45]**

## VRAAG 2

Nadat jy die Bankstaat en Kontantjoernale van FANCY FLIGHTS vergelyk het, word jy van inligting voorsien op grond waarvan jy die volgende moet doen:

2.1 Dien die aanvullende inskrywings in die Kontantontvangste- en Kontantbetalingsjoernaal (slegs die Bankkolom). (11)

2.2 Boek die totale na die Bankrekening in die Algemene Grootboek van Fancy Flights oor en balanseer die rekening. (6)

2.3 Stel 'n Bankrekonsiliasiestaat op 31 Maart 2020 op om die saldo van die bankrekening met dié van die bankstaat te rekonsilieer. (7)

.

INLIGTING:

a) Die bankstaat het 'n kredietsaldo van R195 500 getoon.

b) Die bankrekening het 'n debietsaldo van R132 900 op 1 Maart 2020 getoon.

c) Die totaal van die Bankkolom in die Kontantontvangstejoernaal op 1 Maart 2020 was R220 600.

d) Die totaal van die Bankkolom in die Kontantbetalingsjoernaal op 31 Maart 2020 was R108 400.

e) Die volgende tjeks is nog nie vir betaling aangebied nie:

| | |
|---|---|
| Y768 | R2 500 |
| Y784 | R1 800 |

f) 'n Kredietindkrywing op die bankstaat was vir 'n deposito wat via EFO direk in ons bankrekening gedoen is, R14 600.

g) 'n Debietorder vir R9 600 ten gunste van Outsurance vir besigheidsversekering is op die bankstaat gedebiteer.

h) R2 400 is teen ons rekening gedebiteer vir bankkoste.

i) Die volgende deposito's deur kliënte verskyn nie op die bankstaat nie:

| | |
|---|---|
| T. Cole | R8 300 |
| W. Rooney | R3 200 |

j) 'n Debietorder ten gunste van Cell C is van ons bankrekening afgetrek, R5 500.

k) 'n Deposito deur M. Ozil wat direk in ons bankrekening inbetaal is, verskyn nog nie in die joernaal nie, R15 100.

l) Die bank het die tjek van D. Drogba teruggestuur omdat daar nie 'n handtekening op is nie, R30 600.

m) Die bankstaat het 'n debietorder van R24 000 ten gunste van Pam Golding vir die huur van die kantore getoon.

**[24]**

## VRAAG 3

Gebruik die volgende foutiewe Proefbalans van FANCY FLIGHTS gegee op 30 April 2020 om die volgende op te stel:

3.1 Gekorrigeerde Proefbalans van Fancy Flights op 30 April 2020. (28)

3.2 Inkomstestaat van Fancy Flights vir die jaar geëindig 30 April 2020. (18)

3.3 Balansstaat van Fancy Flights op 30 April 2020. (23)

### PROEFBALANS VAN FANCY FLIGHTS OP 30 APRIL 2020

| | DEBIET | KREDIET |
|---|---|---|
| **BALANSSTAATAFDELING** | | |
| Bank | 105 000 | |
| Kapitaal | 480 000 | |
| Los kontant | 3 000 | |
| Krediteure | 54 000 | |
| Debiteure | 81 000 | |
| Onttrekkings | 28 000 | |
| Toerusting | 368 000 | |
| Vaste deposito | 100 000 | |
| Meubels | 59 000 | |
| Lening | 26 000 | |
| Verbandlening | 103 000 | |
| Kleinkas | 2 000 | |
| Voertuie | 150 000 | |
| **NOMINALEREKENINGE-AFDELING** | | |
| Kommissie ontvang | | 170 000 |
| Brandstof | | 20 000 |
| Versekering | | 12 000 |
| Rente op Vaste Deposito | | 5 000 |
| Rente op Lening | | 2 000 |
| Rente op Verbandlening | | 8 000 |
| Instandhouding | | 25 000 |
| Bemarking | | 15 000 |
| Lidmaatskapgelde | | 3 000 |
| Verversings | | 9 000 |
| Huur Ontvang | | 15 000 |
| Voertuigherstelwerk | | 18 000 |
| Lone | | 49 000 |
| Water en elektrisiteit | | 6 000 |

**[69]**

## VRAAG 4

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (4.1–4.6) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf. Gee EEN rede vir elke antwoord.

4.1 Die grootste deel van 'n reisagentskap se inkomste is Huur Ontvang.

4.2 Wanneer die voorskotstelsel vir Kleinkas gebruik word, sal 'n voorafbepaalde bedrag elke maand aan die kleinkaskassier gegee word.

4.3 Koeriergelde sal in die skryfbehoefterekening opgeteken word.

4.4 'n Werknemer se salaris kan party maande uit die Kleinkas betaal word.

4.5 Die totale verkope in die Debiteurejoernaal sal aan die kredietkant van die Debiteurerekening in die Algemene Grootboek opgeteken word.

4.6 Die totale aankope in die Krediteurejoernaal sal aan die kredietkant van die Krediteurerekening in die Algemene Joernaal opgeteken word.
(6 × 2) **[12]**

**TOTAAL AFDELING A: 150**

## AFDELING B: BEGINSELS VAN SUID-AFRIKAANSE REG

## VRAAG 5

5.1 Daar is 'n aantal vereistes waaraan voldoen moet word om 'n kontrak geldig te aak. Dit sluit in dat die ooreenkoms wettig moet wees en dat die partye handelingsbevoeg moet wees.

Noem enige VYF ander vereistes vir 'n geldige kontrak. (5)

5.2 Daar is DRIE kategorieë van handelingsbevoegdheid. Noem die kategorie waarin elk van die volgende mense sal val en verduidelik ook die kategorie:

5.2.1 Sarah, 'n enkellopende dame van 25 jaar oud.

5.2.2 Diane (29 jaar oud), wat as geestesongesteld geklassifiseer word en by haar ouers woon.

5.2.3 Tommy, 10 jaar oud, wat tans in Graad 4 is.
(3 × 2) (6)

5.3 Vrye instemming van kontrakterende partye is baie belangrik wanneer daar op 'n kontrak ooreengekom word. Daar is egter DRIE hoofredes waarom vrye instemming afwesig kan wees wanneer 'n kontrak gesluit word. Beantwoord die volgende vrae oor hierdie redes.

5.3.1 Invloed van fout: Daar is DRIE tipes feitedwalings wat gemaak kan word. Noem en verduidelik elkeen. (3 × 2) (6)

5.3.2 Invloed van intimidasie: Noem VIER vereistes om te bewys dat invloed van intimidasie plaasgevind het. (4)

5.3.3 Invloed van wanvoorstelling: Verduidelik hierdie invloed en waarom dit 'n kontrak vernietigbaar sal maak. (2)

5.4 Kies 'n item/term/beskrywing uit KOLOM B om by 'n item/term/beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (5.4.1–5.4.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

| **KOLOM A** | | **KOLOM B** | |
|---|---|---|---|
| 5.4.1 | Getroude persoon jonger as 18 | A | Ratifisering |
| 5.4.2 | Gesamentlike boedel wat gelykop verdeel word | B | Teenaanbod |
| 5.4.3 | Goedere aangekoop | C | Statutêre uitsondering |
| 5.4.4 | Kontrak moet opskrif wees | D | Huweliksooreenkoms |
| 5.4.5 | Beloning vir 'n verlore hond | E | Aanwasstelsel |
| 5.4.6 | Voog gee agterna toestemming | F | Aanvaarding van 'n aanbod |
| 5.4.7 | Kontrak met 'n dronk persoon | G | Volle handelingsbevoegdheid |
| 5.4.8 | Moet binne die voorgeskrewe tydperk plaasvind | H | Emansipasie |
| 5.4.9 | Aanvaarding met voorwaardes | I | Beperkte handelingsbevoegdheid |
| 5.4.10 | Poskantoorwet van 1953 | J | Geldige aanbod |
| | | K | Nietig |
| | | L | Merx |

(10 × 1) (10)

5.5 Die goedere wat ingevolge 'n kontrak verkoop word, moet bepaald of bepaalbaar wees. Beantwoord die volgende vrae oor die goedere van 'n kontrak:

5.5.1 Goedere wat nog nie bestaan nie mag ook verkoop word, maar dit moet in die toekoms bestaan. Gee 'n toerismeverwante voorbeeld hiervan. (2)

5.5.2 Sommige goedere mag nie verkoop word nie. Gee 'n voorbeeld van elk van die volgende wat nie verkoop mag word nie:

(a) Openbare eiendom
(b) Iets wat nie besit kan word nie
(c) 'n Artikel wat regtens verbied word (3)

5.6 Verduidelik die aard van 'n kredietooreenkoms. (2)

5.7 Noem enige VYF artikels wat in die mees onlangse Nasionale Kredietwet gedek word. (5)

5.8 Ingevolge die mees onlangse Nasionale Kredietwet moet die persoon wat om krediet aansoek doen, bepaalde dokumente voorlê.

Noem enige VYF sulke dokumente. (5)

**TOTAAL AFDELING B: 50**
**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou